

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2019

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Opstel	(40)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(20)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'n STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	60 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 1

1.1 **DIE DAG TOE EK GOEIE NUUS GEKRY HET**

Daar was 'n dag in jou lewe toe jy baie goeie nuus ontvang het wat jou lewe verander het.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die dag toe jy goeie nuus gekry het.

Dink aan die volgende:

- Watter goeie nuus het jy ontvang?
- Hoe het jy gevoel toe jy die goeie nuus ontvang?
- Wat het jy gedoen nadat jy die goeie nuus ontvang het?
- Hoe het hierdie goeie nuus jou lewe beter gemaak? **[40]**

1.2 **DIE DAG TOE ONS MENSE DIE DORP SKOONGEMAAK HET**

Jou dorp was baie vuil. Die mense van jou dorp het besluit om die dorp skoon te maak.

Skryf 'n **opstel** en vertel van die dag toe julle die dorp skoongemaak het.

Dink aan die volgende:

- Waarom was die dorp so vuil?
- Hoekom is dit nie goed as die dorp vuil is nie?
- Wat het julle gedoen om die dorp skoon te maak?
- Hoe het die aksie die lewens van die dorp se mense verbeter? **[40]**

1.3 **DIE BESTE TYD VAN DIE JAAR**

Elke mens het 'n tyd van die jaar wat vir hom/haar spesiaal is.

Skryf 'n **opstel** en vertel watter tyd van die jaar vir jou die beste is.

Dink aan die volgende:

- Watter tyd van die jaar is vir jou die beste en hoekom?
- Wat doen jy in hierdie tyd van die jaar?
- Met watter mense bring jy hierdie tyd van die jaar deur?
- Hoe voel jy wanneer hierdie spesiale tyd verby is? **[40]**

1.4 **DIE KLERE WAARVAN EK HOU**

Ons almal het klere ('clothes') waarvan ons hou.

Skryf 'n **opste**l en vertel van die klere waarvan jy hou.

Dink aan die volgende:

- Van watter klere hou jy?
- Hoekom hou jy van hierdie klere?
- Waarheen dra jy hierdie klere?
- Wat sê jou klere van jou as 'n persoon? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor. Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit www.aderonkebamidele.com] **[40]**

1.5.2

[Uit www.alamy.com] **[40]**

1.5.3

[Uit www.youtube.com] **[40]**

1.5.4

[Uit www.mapuniversal.com] **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy dink jou broer gebruik dwelms.

Skryf 'n **brief** aan jou broer waarin jy hom waarsku teen die gevare van dwelms.

Dink aan die volgende:

- Wat laat jou dink dat jou broer dwelms gebruik?
- Wat is die gevare van dwelms?
- Waar kan jou broer vir hulp gaan vra? **[20]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Jy is die kaptein van jou skool se sokkerspan.

Julle buurskool ('neighbouring school') het die prys as beste sokkerspan gewen.

Skryf 'n **formele brief** aan die hoof van die buurskool om hulle geluk te wens.

Gebruik die volgende adres:

Die Skoolhoof
Hoërskool Sukses
Posbus 8453
Polokwane
0700

Dink aan die volgende:

- Waarom het die buurskool verdien ('deserve') om die prys te wen?
- Watter voorbeeld stel hulle vir die ander skole?
- Watter wens het jy vir hierdie skool in die toekoms? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Daar is 'n onderwyser by jou skool wat ekstra dinge vir al die leerders doen. Jy het besluit om vir hierdie onderwyser dankie te sê vir alles wat hy/sy vir jou doen/gedoen het.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou onderwyser neer.

Begin die gesprek só:

Ek:	Ek wil graag dankie sê vir alles wat u vir my gedoen het.
Onderwyser:	Wat bedoel jy?
Ek:	...
Onderwyser:	...

LET WEL: Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **INFORMELE VERSLAG**

Jou skool het 'n koorkompetisie aangebied.

Die skoolhoof het jou gevra om 'n kort **verslag** oor die koorkompetisie te skryf.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer was die koorkompetisie?
- Wat het alles by die koorkompetisie gebeur?
- Hoekom was die koorkompetisie so 'n groot sukses? **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

VRAAG 3

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

LET WEL: As jy hierdie vraag kies, moet jy die uitnodigingskaartjie (VRAAG 3.1.1) **EN** die antwoord op die uitnodiging (VRAAG 3.1.2) doen.

Die lengte van VRAAG 3.1.1 is ongeveer 50 woorde en die lengte van VRAAG 3.1.2 is ongeveer 20 woorde.

Jou ma of pa verjaar volgende maand. Jy het besluit om vir hom/haar 'n verjaarsdagpartytjie te hou.

3.1.1 Skryf 'n **uitnodiging** aan die familie en vriende om hulle na die verjaarsdagpartytjie te nooi.

In die uitnodiging moet jy:

- Sê wat die geleentheid is
- AL die inligting gee wat die gaste ('guests') nodig mag hê
- Sê wie verdere inligting kan gee indien nodig

3.1.2 Skryf 'n **antwoord** in 'n kort nota waarin iemand:

- Sê of hy/sy die partytjie gaan bywoon
- Die rede gee indien hy/sy nie die partytjie kan bywoon nie
- Sê wie hy/sy almal saambring indien die uitnodiging aanvaar word

LET WEL: Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jou skool gaan op 'n uitstappie ('trip') na 'n vakansieplek.

Skryf in jou **dagboek**. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die aand **voordat** jy op die uitstappie gaan
- Die aand **nadat** jy op die uitstappie was

Dink aan die volgende:

- Hoe jy die aand voor die uitstappie gevoel het
- Hoe jy gevoel het nadat die uitstappie verby was **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou ma het jou gevra om vir jou boetie of sussie instruksies neer te skryf oor hoe om homself/haarself in die oggend gereed te maak vir die skooldag.

Skryf die **instruksies** in volsinne en puntsgewys neer.

Voorbeeld:

1. Jy moet betyds opstaan.
2. ...
3. ...
.. ...
.. ...

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou